*Sewe Dae by Silbersteins*

# VROUE MAAK BESWAAR TEEN MORAAL VAN BEKROONDE BOEK

**Van Ons Randse Verteenwoordiger**

JOHANNESBURG.

DIE hoofbestuur van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie sal gevra word om by die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns beswaar aan te teken en sy ontevredenheid uit te spreek oor die toekenning van die Hertzogprys aan Etienne Leroux vir sy boek Sewe Dae by die Silbersteins.

**Mev. R. J. Raath, voorsitster van die federasie, het gistermiddag aan Die Burger bevestig dat die Pretoriase tak van die federasie verlede week besluit het om so 'n versoek tot die hoofbestuur te rig.**

Mev. Raath, het gesê die voorstel wat aan die hoofbestuur voorgelê sal word, handel oor die tendensies wat in sekere boeke en rolprente geopenbaar word.

Sy het Sewe Dae by die Silbersteins, Lobola vir die Lewe, Putsonderwater en Die Ambassadeur, en rolprente soos Boccaccio 70 en The Balcony genoem.

Mev. Susan Kruger, bekende skryfster, is deur die Pretoriase tak gevra om die mosie te bewoord.

„Daar word gepleit en verwag dat ons ons volk en kinders moet leer lees," het mev. Raath gesê, „maar as ek my kind se kunsgevoel moet opweeg teen sy moraal en karakter, kom laasgenoemde beslis eerste."

As die boek van Etienne Leroux deur die kultuurleiers aanvaar word, dan vertolk die leser dit noodwendig dat die kultuurmense ook die moraal van die boek goedkeur.